# Hoofstuk van die dag: Psalm 53

> *Die dwaas dink daar is geen God nie. (vers 2)*

Hierdie psalm kon net sowel vandag geskryf gewees het. Ons leef immers in ’n wêreld wat hom nie meer aan God steur nie. Party mense dink daar is nie ’n God nie, en talle ander dink

God maak nie saak nie. Hulle dink Hy is onbetrokke in ons lewe, en het niks met die hier en nou te make nie.

Dawid sê reguit: dit is dwaasheid om God te ignoreer. Dit lyk of almal afgedwaal het en ontaard is (vers 4). Die vraag wat by baie mense opkom, is: Het die kerk nog iets te sê vir so ’n dwase wêreld?

Die Johannes-Evangelie herinner ons daaraan dat dit juis vir só ’n wêreld is wat Jesus gekom het – ’n wêreld wat God nie ken of wil ken nie. “Hy het na sy eiendom gekom, maar tog het sy eie mense Hom nie aanvaar nie,” skryf Johannes in 1:11. En, skryf Johannes, God oorwin die dwaasheid van die mensdom met liefde (Joh 3:16). Só het God die lot van sy volk verander (Ps 53:7).

Die kerk – ons! – hét inderdaad iets vir die wêreld te sê, want God het nie opgegee op die mensdom nie.

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026